

5.1.005 Kerkplein [Erf nommer 412–ongeveer 1870]

Eerste Goewermentsgebou



[1]

[2]

[3]

[4]

1. Huis van John Robert Lys
2. Eerste Goewermentsgebou
3. Eerste tronk
4. Gebou op die suid-westelike hoek van Mark- en Pretoriusstraat

Die eerste Goewermentsgebou word soms ook die Eerste Raadsaal of die Volksraadgebou genoem.

Die eerste Goewermentsgebou het op die hoekerf nommer 412 gestaan, d.w.s. op die suid-westelike hoek van Kerkplein en Markstraat. Op die 6de November 1857 ontvang M.W. Pretorius transport vir die erf en op 28 September 1860 dra hy dit oor aan die regering van die ZAR [Rex-03 p 253]. Van toe af het die erf onafgebroke in besit van die Staat gebly. Die erf waarop die eerste Goewermentsgebou tesame met die tronk, en mettertyd die poskantoor en telegraafgebou, gestaan het, was blykbaar sedert die aanleg van Pretoria bestem as terrein vir die staatsgebou van die Suid-Afrikaanse Republiek. Ooswaarts het die erf gefront aan Markstraat, suidwaarts aan Pretoriusstraat, en noordwaarts aan Kerkplein. Uit argitektoniese sowel as administratiewe oogpunt was Erf 412 in alle opsigte ideaal geleë [Pr-5 p 8].

Wanneer daar begin is met die bou van die eerste Goewermentsgebou kon ek nog nie met sekerheid vasstel nie. Bodet [Pr-32 p 10] sê op 8 November 1859 is 'n kontrak met Frederik Botes onderteken om 100 vragte klip af te lewer vir die fondasie van die Goewermentsgebou, en in 1864 is 'n kontrak gesluit vir die bou van die eerste Goewermentsgebou.

Emms [Pr-74 p 38] maak die volgende interessante afleiding: 'n Artikel in die Cape Argus van 1868 maak melding van 'n klein geboutjie op die plek waar die eerste Goewermentsgebou later gebou sou word. Dit het gedien as tydelike goewermentskantore en is dit nie miskien waarvoor Frederik Botes se stene gebruik was nie? Die gebou het moontlik ook gedien as poskantoor.

Op 19 Julie 1864 het L. Vuyk getender vir die oprigting van die Goewermentsgebou, maar sy tender is deur die Volksraad afgewys [Arg-9 p 309]. Die tender van die bouers William Skinner en L.E. Devereux is aangeneem en in 1867 is die hoofdeel, insluitende die Volksraadsaal, voltooi.

Hier volg 'n uittreksel uit Vuyk se tender: *Wel Edell Heer Volksraad, Ik ondergetekenden zent myn tender in voor een goefernment gebou lang 112 voet en breed 20, het fondenment te bouwen met klip 2 voet boofen den Gront met klei gemetzelt metzelwerk, buiten muiren ten bouwen van gebranden steen 18 duim dik, lang zoo bepaald is, breed ook u bepaald heeft hoof 12 en ½ voet onder balken, den binnen muirren 9 duim dik alles klei gemetzelt, pleister werk van buiten met zand en kalk en van binnen met zant en beesten mist en alles goed aftenwitten en goed ten dekken en balken en den kap met haanenbalken riet er op en ook elken kant een lat of 2 en op den fors een goeden lat en kezyne balks dikten en ramen zoo u heeft bepaald en vensters voor den 6 voor ramen en ook voor den achter ramen ... voor den zom van achthondert 42 pont 8 sj., zegen 842 ponden sterling 8 sj., den sleutel af ten leveren in den tyt van 6 maanden, den kondiezies van betaling ten bepalen als het werk aan my mag worden. L. Vuyk.*

John Robert Lys het oorkant die straat op die suid-oostelike hoek van Kerkplein en Markstraat [Erf 413] gewoon. Links op die die foto is deel van sy huis sigbaar. Hier sou later die President Hotel verrys. Die naam van die hotel het gou verander na die Grand Hotel.

Regs van die Goewermentsgebou op die foto sien ons die ou tronk [wat agter die Goewermentsgebou is]. Hierdie tronk en is tot met die voltooiing van die nuwe tronk in 1874 as sodanig gebruik. Dit kan wees dat dit ook deels as poskantoor gebruik was.

Volgens Mervyn Emms [Pr-074 p 34] was die gebou reg agter die Raadsaal in ongeveer 1863 moontlik ook as poskantoor gebruik. Volgens hom sien ons op die foto voor die gebou 'n kloktoring [stellasie] wat die aankoms van die pos aangekondig het, en 'n aantal donkies wat moontlik as posdonkies gebruik was.

Bronne:

- Arg-09 Breytenbach, J.H. 1951. **Notule van die Volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek Deel 5 [1864-1866]**. Kaapstad: Cape Times.
- Eng-01 Engelbrecht, S.P. 1952. **Eupees-Album: Pretoria se eerste eeu in beeld**. Pretoria: J.L. van Schaik. [foto p 25]
- Pr-05 Rex, H.M. 1952. **Enige mededelings i.v.m. twee erwe en 'n straat**. Pretoriana Deel 2, Nommer 2, Desember.
- Pr-32 Bodel, J.D. 1960. **How Pretoria became the seat of government of the South African Republic in 1860**. Pretoriana, Nommer 32 & 33, April-Augustus.
- Pr-74 Emms, M. 1974. **The Post Office in Pretoria**. Pretoriana, Nommer 74 & 75, Maart-Junie. [foto p 37]
- Rex-03 Rex, H.M. 1956. **Geskiedenis van die eerste ou goewermentsgebou en sy voorlopers in Pretoria**. M.A.-verhandeling, Universiteit van Pretoria.

Rosa Swanepoel Versameling [Foto Kp1-003]
